

Donderdag 12 Julie

**Skrifgedeelte: Eksodus 3:13-15;
Matteus 10:32-33**

**Fokusgedeelte: Eksodus 3:14;
Heidelbergse Kategismus Sondag
36:100**

God en sy Naam is een

Hebreeuse name het, anders as in Afrikaans, almal 'n betekenis opgesluit in die naam self, en gee iets weer van die persoon se wese: Abraham (Ab/f = vader + am = volk) – va-der van menigte; Jakob – een wat 'n ander se plek vat; Isak – gekseer/lag (n.a.v. Sarah se ongelooft en stryd met Hagar).

So stel God Homself aan Moses bekend as YHWH – Ek is wat Ek is. Ook in hierdie Naam is iets van die wese van God opgesluit: Ek is – nog altyd en in alle ewigheid, sonder begin en sonde einde. God se Naam en Wie God is, is dus onsekeibaar aan mekaar ver-bind. Daar is dit so 'n gruwelike sonde om die Naam van God ydellik te gebruik, want dit is niks anders nie as om God se wese oneer aan te doen (lees weer Lev. 24:10-16).

Ons as kinders van God kan dus nie staan en toekyk waar mense hulleself hieraan skuldig maak nie. Ons kan beslis nie deel van sulke geselskap wees nie. Ons kry ook die moeilike opdrag om, waar dit wel in ons teenwoordigheid plaasvind, daarop te reageer. Ons moet 'n broer of suster wat hieraan skuldig is, op die weg van Matteus 18 vermaan om tot inkeer te kom van hierdie sonde.

Ons moet ons distansieer van musiekgroepe en flieks en boeke wat geen ontsag vir God toon nie. Ons moet daadwerklik getuig, met woord en daad, dat Christus God is en dat God en sy Naam een is. So sal ons vrymoedigheid verwerf om voor die regbank van God te staan op die dag van afrekening, juis omdat Christus Hom dan openlik in ons guns sal uitspreek.

Sing: Psalm 33-1:11

Ds. BA (Banie) van der Walt (Paarl)